

# Volksmoord bly Volksmoord

## **‘n Beroep op Duitsland om amptelik die volksmoord op die OvaHerero en Nama te beken.**

9 Julie 2015 is die eufeesherdening van die einde van Duitse koloniale heerskappy oor die hedendaagse Namibië. Hierdie buitelandse oorheersing was gebaseer op bedrog, geweld, uitbuiting en ‘n koloniale-rassistiese wereldbeskouing. Die OvaHerero en Nama in besonder was onverskrokke in hulle opstand hierteen. Hulle verset is deur die Keiserlike “Schutztruppe” (beveiligingsmag) onderdruk en het gelei tot die eerste volksmoord van die 20ste eeu. Albeidie berugteteregstellingsbevele, uitgereik deur Generaal von Trotha gedurende 1904 en 1905 in die naam van die Duitse Keiser, laat geen twyfel oor die uiteindelijke volksmoord-bedoeling daaragter nie.

Die meerderheid van die OvaHerero is, kort na die slagting by Waterberg, na die Omaheke woestyn area verdryf, waar meeste aan blootstelling gesterf het. Die oorlewendes is in konsentrasiekampe aangehou, saam met Nama gevangenes, waar hulle genadeloos onderdruk is en blootgestel is aan dwang-arbeid, hongersnood, siekte en fel weersomstandighede. Die menslike oorskot van die vermoordes is na Duitsland gestuur vir gebruik vir rassistiese navorsing. Volgens kundiges is tot 80 persent van die OvaHerero en 50 persent van die Nama bevolkings uitgemoor as ‘n direkte gevolg van hierdie optrede deur die Duitse kolonialiste.

Die oorlewendes van hierdie volksmoord se eindom is deur die Duitse setlaars beset, en hulle is na reservate verdryf en gedwing om vir die koloniale sisteem te werk. Weens die plundering van hulle grond en veë gedurende hierdie koloniale erakort die OvaHerero en Nama vandag nog die bestaansmiddele waaroor hulle beskik het voor die plundering. Verdere slagoffers sluit ook in die Damara en die San.

Op 24 April 2015 het sprekers namens alle faksies van die Duitse regering die volksmoord op Armeniers deur die Jong Turke erken, en ‘n oproep gedoen op Turkye om sy historiese verantwoordelikheid na te kom. Die Duitse President Gauck het beklemtoon dat die afstammeling van die slagoffers ‘n reg het op die “erkenning van historiese feite en hierdie historiese skuld” en dat “geen rekonsiliasiesonder die waarheid” bereik kan word nie.

Op soortgelyke wyse moet Duitsland ook nou finaal die waarheid in die gesig staar, en sy eie historiese verantwoordelikheid vir die volksmoord op die OvaHerero en Nama erken: daar mag geen ongelyke behandeling wees vir die Afrika slagoffers van volksmoord en hulle afstammeling nie!

## **Ons eis dat die Duitse President, die Duitse Parlement, en die Duitse Regering op 9 Julie 2015, tydens die eeufees van die einde van Duitse koloniale besetting van Namibie,**

- Amptelik die volksmoord teen die OvaHerero en Nama erken, ‘n stap nou lank reeds uitstaande.
- Formeel om vergifnis pleit by die aftammeling van die slagoffers van die volksmoord.
- Onderneem om die menslike oorskot van die slagoffers wat uit Namibie en ander Duitse kolonies na Duitsland deporteer was te identifiseer en te repatrieer.
- Duitsland se onkondisionele bereidwilligheid te verklaar om deel te neem aan ‘n ope dialoog met die afstammeling van die slagoffers, sowel as met die Namibiese regering, met die oog op maatreëls wat geneem kan word tot rekonsiliasie.